Rose

# OPSAAL



2013

## VOORSITTER SE VERSLAG

As we head towards the end of 2013 it is once again the time to review the year's weekend away trips and rucksack hikes. I would like to pay tribute to the folks who not only planned and organized the events so successfully, but also, at the end of the trip, sat down and wrote a report to the OPSAAL.
As you read the contributions, and observe the photos, please give a moment's thought to all the effort that has been put in to make this little magazine possible.
But most importantly I must thank our editor, Hettie Lourens, for all the effort and hard work that she puts in, without compensation, to make this magazine happen.
My thanks go also to the club committee for their efforts and hard work during 2013.
I Wish all our members and their families a wonderful and festive season and all the best for 2014.

**MIKE WRAY**

***Food for thought***
*Twenty years from now you will be more disappointed by the things you didn't do than by ones you did. So throw of the bowlines. Sail away from the safe harbour. Catch the trade winds in your sails. Explore. Dream. Discover……*
*...**Mark Twain***

## ONS NEEM AFSKEID VAN 2012

Op 24 November het ons by Trattoria Figaro Restaurant byeen gekom om afskeid te neem van die jaar wat verbygesnel het. Die tema was Italiaans en heel party lede het opgedollie daarvoor . Marlene het as 'n non opgedaag, nogal vergesel van die Mafia in geval dinge later sou hand uitruk…

Nadat Mike almal welkom geheet het is daar gesmul aan die voorgereg, Antipasto wat in groot borde op die tafels geplaas is. Dit het bestaan uit 'n verskeidenheid koue vleis, groente , vrugte en kaas wat keurig voorgesit was. Die hoofdis was 'n pasta gereg.
Vir Wilma, wat haar 60ste verjaardag saam met ons almal gevier het, was dit 'n dubbele fees en 'n pragtige ruiker is aan haar oorhandig namens almal.





MIKE BY 'N PAAR MOOI SENORITAS



SUSTER MARLENE EN DON ANDRé



## BUFFELSBAAI 25-27 JANUARY 2013

On the 25th of January, 20 Berg-en Dallers headed out to Buffelsbaai for the first weekend away of 2013. Most of the folks stayed at Raaswater, a house in the village and the remainder camped at the caravan park. Raaswater is located on the top of the hill with beautiful 360 degree views from the windows and balcony.

On the first evening we all gathered at Raaswater for a braai where much food ( and beer and wine) was consumed by the hungry folks.

On Saturday morning we set out bright and early for our hike into the Goukamma Reserve. We hiked about 6 km along the beach to our breakfast stop where we split up into two groups, with some carrying on along the beach and the rest turning inland to navigate the beautiful Goukamma. This is a fantastic hike through the Milkwood forest and dunes. We arrived back at Raaswater in time for a quick lunch before some headed off to the beach and others for some shut eye. In the evening Jurie once again got the braai going and the partying started again!

On the Sunday morning we set off along the beach to Brenton-on-Sea where Chinky took us for a walk along a path that meandered past some rather posh houses and overlooked the beautiful coast line. It was then back along the beach to Buffelsbaai for a cup of tea and a samie before we had to pack up for the trip home.


It goes without saying that a good time was had by all.

**MIKE WRAY**


## WITSAND – STILBAAI – 24-27 FEB 2013

Nadat ons die voertuie in Stilbaai gelaat het, is ons via Vermaaklikheid na die Beach House waarin ons in luukse verblyf geslaap het. Ons groep, Phillip, Edwin, Thea, Annette, Johan en Jacolise het die onbekende terrein aangedurf met min water . Corrie het ingewillig om ons voertuig te verskuif en ons te bederf met twee heerlike etes.
Ons het vroeg begin en moes wag tot laagwater om rondom die rotse te beweeg. By Voëlklip, waar die Witbors duikers broei het ons ontbyt geeët en om 11vm, was ons by ons bestemming waar ons per boot oor die rivier geneem is. Hierna het ons ver gestap en by 'n huis aangeklop vir water. Dit was 'n fout – die beplanning is onderbreek en dit het later gelei tot frustrasie onder die stappers. Die middag is besluit om tente op te slaan in die voetpaadjies buite sig van privaat eiendom. Dit is hier waar Annette, Edwin en Thea ontdek dat hul gasbottel nie op die stofie pas nie- 'n les vir stappers om in die toekoms voorsorg te tref hierteen.
Die tweede dag was ons weer van laagwater afhanklik om die besondere mooi van die omgewing en nog 'n Voëlklip te geniet voor die 13km sandstrand ons begroet het. Teen laat oggend het ons geswem, onder 'n lapa gesit en selfs 'n buitelugstort geniet ondanks die uitdaging van die groeiende gety en die sandstrand. Middagete het ons in die smal skaduwee van die pomphuis geniet terwyl dit begin lyk het of die hoogwater ons sou vaskeer.Stadig maar seker het ons die pylvak bereik en ons moeë lywe se water aangevul vir nog 'n ent tot by Odendaalspunt- ons bestemming. Slegs ek en Philip het daar gaan tent opslaan met die talle spoortjies van wilde diertjies op









die sand tussen die rotse op hierdie mooi aand in die natuur en onder die helder sterrehemel.
Ons was net klaar gepak toe die res oor die kop verskyn. Met die Venster in sig het ons die dag begin en is later by Blombosgrot (dig toegemaak). Die mooiste stukkie kuslyn het ons asems weggeslaan en by die pragtige Platsenbaai sou ons middagete geniet en 'n lang swem geniet, waarna ons weer 'n Voëlklip sou sien. Nou was ons naby Heuningnesbaai ( Cape Baracuda) en hier het ons Ernest se huisie beskikbaar gehad waarheen Corrie hout, vleis ens vir ons sou bring. Ons het ook die swaar rugsakke verruil vir dagsakkies. Daar is heerlik vleis gebraai in die lapa. Annette en Johan sou in die lapa slaap, ek het my tent opgeslaan en Philip, Corrie, Edwin en Thea het in die huisie geslaap.
Die volgende oggend het Philip vir Corrie met die bakkie die steil hoogte uitgehelp. Daarna het ons net na Jongensfontein ontbyt geeët en is deur die Dassiegrot na Stilbaai waar ons vir oulaas by Skulpiesbaai geswem het - 3km van die Goukourivier. Teen dokter's bevele in met 'n gebreekte arm 6 dae in gips en baie pyn wou ek julle nie teleurstel nie ... ek het dit gemaak!! Baie dankie vir al die hulp met die sak vasmaak.

**JACOLISE JOUBERT**

*Life is an opportunity, benefit from it..*
*Life is a beauty, admire it. Life is a dream, realize it*
*Life is a challenge,meet it.. Life is a duty, complete it*
*Life is a game, play it. Life is a promise, fulfil it. Life is a sorrow, overcome it. Life is a song, sing it*
*Life is a struggle, accept it. Life is a tragedy, confront it. Life is an adventure, dare it.*
*Life is luck, make it. Life is life, fight for it !*
***MOTHER TERESA..***



## WALVISROETE - 14 - 20 MAART 2013


Op Donderdag 14 Maart vroegoggend pak ons Elize Moolman se ruim voertuig en Linda se sleepwa vol met ons 6 se bagasie en begin die rit De Hoop toe. By Swellendam eet ons 'n lekker middagete om die eerste aand se kosmakery tot die minimum te beperk - ons was immers met vakansie!
Na ons aankoms by Potberg, die eerste oornaghut, het ons genoeg tyd om die onmiddellike omgewing te verken. Die hut is heel gerieflik met gasligte en sonverwarming vir lekker warm storte - wat 'n weelde as mens terugdink aan die vroeëre stappe met kerse en koue water.! Ons was ook die enigste gaste; het die hele chalet vir onsself gehad.
Die eerste dag se stap was uit die staanspoor met Potberg op. Dit was nie te erg nie want die pad loop meesal al met die kontoere saam. Aanvanklik was dit koel en onweer maar 'n erge wind het dit later baie ongemaklik gemaak. Bo-op Platberg (611 m ) het ons 'n asemrowende uitsig gehad op die Breederivier wat ver onder soos 'n reuse slang kronkel. Die plantegroei was meesal fynbosspesies en Proteas, waarvan sommige in blom was en wat net hier groei en nêrens ter wereld nie. Laat middag na die afstand van 14km was ons opreg verlig om hut Cupido te sien want almal se bene was maar lam van op en af om nie te praat van die perdevlieë wat ons geteister het nie.!
'n Gedeelte van dag twee stap ons steeds deur die berg en fynbos met 'n ongelooflike uitsig op die oseaan en Breederivier. Later bereik ons die kalksteen heuwels waar die fynbos opmerklik verskil van die vorige dag. Hierdie roete, van 15km wat beskryf word as gematig, was verre daarvandaan; nimmer eindigende heuwels op en af en baie klipperig tot by Noetsiehut wat pragtig geleë is aan die see. Daar aangekom, sit party van ons buite om die uitsig te bewonder toe iemand in die kombuis gil. Almal storm nader en sien hoe 'n klomp muise hulle vergryp in die kos wat ons uitgepak

het in die kombuis. Hierdie was nie soos gewone muise nie- oorlams en astrant sit hulle , kyk 'n mens in die oë sonder om te vlug..!Ons moes hulle letterlik verwilder. Die derde dag loop ons 'n korter roete van 8 km met die strand langs. Ons het baie tyd verwyl veral by Stilgat en by die houtlere afgeklouter om in die helder rotspoele te swem. Hierdie deel van die kus was baie besonders met ongelooflike rotsformasies. Oral was daar vele eienaardige grotte Ons het nou wel nie walvisse gesien nie maar heelparty skole dolfyne wat naby die strand baljaar het. Die hut by Hamerkop was baie ruim en gerieflik.

Op dag vier stap ons weer op die strand en verkyk ons aan die rotspoele met die helder turkoois water. Op die strand was so baie Oestervangers dat mens amper nie kon glo hulle is op die lys van bedreigde spesies nie. Daar was ook vele yslike groot witbors komorante. Ons het op pad verby Lekkerwater geloop , 'n strandhuis wat glo aan 'n vorige eerste minister behoort het, maar ons het geen lewende siel gewaar nie. Trouens, ons het tot sover geen ander mens teëgekom nie. Die oornaghut by Vaalkrans was by verre die mooiste. Dit is op die punt van 'n krans geleë met 'n grot wat letterlik onder deur dit loop en waar die branders in slaan met hoogwater.







**BO-OP PLATBERG MET DIE BREEDERIVIER WAT VER ONDER KRONKEL.**



**DIE HUTTE BY VAALKRANS**

Die laaste dag se roete van 7km tot by Koppie Alleen het ons deur digte bosse geneem en weer eens op en af deur die duine. Dit was laagwater en drie van die groep het besluit om vir laas by Hippo Pools te swem terwyl die ander drie , aangestryk het na die eindpunt waar die bussie wag wat ons terug moes neem na Platberg. Die son was nou ongenadig warm . Hier het ons weer vir die eerste keer mense gesien waaronder drie mansper-sone wat in die see geswem het. Die een was poedelnakend en hy het geen poging aangewend om sy bates te bedek nie ! ( Jammer, geen foto's beskikbaar ..) Dit blyk later "volksvreemdes" te wees -buitelandse besoekers .

Ons het deurentyd redelik goeie weer gehad en ons groepie, Elize, Hettie, Sharon, Marie, Linda en Esther het die stap baie ge-niet en hope pret gehad. Omdat ons net dagsakke gedra het, kon ons 'n wavrag kos saambring – veral Linda en Esther se trom-mel.! Ons het in drie groepe van 2 elk opgedeel wat saans moes kos maak en daar is soos konings geeët.! Dankie Elize, dat jy ons so gerieflik en veilig vervoer het en Sharon wat die be-sprekings hanteer het.

**HETTIE LOURENS**





***HIKERS POEM***
***Awaken the senses.. explore and learn***
***Treasure the seasons..nature's beauty at every turn***
***Climbing rocks..walking trails***
***Leaves and grasses..the surface we sail***
***Open yourself up..listen with your heart***
***Hear the wild calling..become a whole, not part***
***Enjoy the majesty..take in the sublime***
***Don't run..take time***
***Feel the wonder..the breeze on the air***
***Feel the sunlight.. and be aware***
***Magnificent and beautiful..All coexisting***
***Excellence and perfection..the power of hiking***


***BY ANGEL SHARUM***

## TSITSIKAMMA - 9-13 MEI 2013- VYFDAG STAP-DIE "A-TEAM"

Ons het as twee groepe die staptog vanaf verskillende begin-punte en datums aangepak. Dit het saamgevloei by Keurbos van waar ons weer as een groep die prag en praal van die skone natuur- die plantegroei, berge, helder bergstrome, inheemse bosse en duiseligwekkende klowe kon inasem. Die stappers was Philip, Jacolise en Elsi, ons gas uit Nieu-Bethesda
The route is well maintained and supported by highly valued overnight facilities consisting of wooden huts, abundant fire-wood neatly chopped and packed, voluminous kettles to pre-pare hot water as well as braai utensils. The sleeping quarters were clean and tidy. We even had the privilege of hot showers from a very inventive shower contraption. The above certainly

deserves a few stars!
Soggens vroeg, seker tot die steuring van die later slapers, is 'n groot vuur in die lapa gemaak waarop die groot ketels geborrel en gekook het met water vir koffie en jou preparaat vir brekfis wat dit ookal sou wees. Dit dui net maar weer die goeie balans wat in die roete ingebou is.
Die dae waarvan die weer onverbeterlik was, het innemende natuurtonele geskilder vir nuwe geestelike inspirasie en nuwe bewondering vir dit wat die skepping bied. Ons daaglikse roetes het uithouvermoë teen die steiltes getoets maar ook weer gewensgesind gewees met rustige rivierstrome, uitgesoekte rusplekke waar die moegheid getemper kon word.
Die aande het gegloei met die span se vuur waarom rustig en met bedrewendheid stories en insidente met groot vermaaklikheid tussen die groeplede uitgeruil is. Afhangende van die dag se eise het sommiges die vroeë bed opgesoek om ontspannend en seker ook maar met tamheid in die slaap opgeneem te word.
We completed the excursion during the Sunday morning at the finishing point , i.e. Stormsriver filling station adjacent to the N2 highway. The Steers restaurant was receptive to serve us a decent civilised breakfast to break the monotony of our bush breakfasts. We certainly left with a boosted moral for whatever we need it thereafter. Hiking routes of this kind remains something precious for those who loves nature and appreciate the creation with all its secrets.

**PHILIP ZIETSMAN**







TSITSIKAMMA ROETE – 4 -DAG STAP –DIE B-SPAN

Groep B , bestaande uit Thea, Sarel, Rose, Doug, Annette, Lynette en Sulene . Laasgenoemde het haar eerste rugsakstap met vliëende vaandels geslaag. Bravo Sulene. !
Tsitsikamma beteken " Place of roaring waters" en so het ons die roete beleef met kruisings oor riviere soos Bloukrans, Lottering, Elandsbos, Keurbos, Witteklip en die Stormsrivier. Dis natuurlik in die bolope van die riviere voordat hulle deur diep klowe voortsnel see toe. Die waterryke lowergroen klofies was ideale plekke vir tee maak en foto's neem.
Een van die hoogtepunte was die vergesigte om na 'n lang klim terug te kyk na pieke soos Formosa, Grenadierskop, Benekop en Spitskop. 'n Ander lekkerte was die goed toegeruste hutte met stapels gekapte hout. Ons kon na hartelus vuur maak. Daar was vroeë boere wat die vuur gestook het sodat daar reeds om 7 uur in die oggend koffiewater gereed was. Sommige het hulself bederf met warm storte.
Wat is gezelliger as om rondom so 'n knetterende vuurtjie te kuier- die rook gee net geur aan die atmosfeer. Almal sal dit nie be-aam nie maar dis waarom ons wegbreek van die alledaagse geriewe.

**ANNETTE ERLANK**





**GAMKABERG BY CALITZDORP 4-7 JUNIE 2013**

So 'n mid-week uitbreek doen mens tog so goed! Op Dinsdag 4 Junie laai Douglas die eerste helfte van sy harem op met sy mooi rooi trok. Om 7vm vertrek ons; Wilna, Wilma ,Rose en Douglas in die rigting van die pragtige wit sneeubedekte Swartberge. Net voor Calitzdorp draai ons af op die sg sementpad. Na so 40km draai ons in by die warmwaterbronne en ry tot by die kampeerterrein.

Ons slaan 3 tente op en gaan vir ons gesonde warmwater swem. Rose en Doug durf selfs die erg warmwater aan en gaan sowaar in die koue swembad afkoel daarna. Die sneeu het dik gelê en dit was so 'n wonderlike teëstelling om in die warmbron te wees en dan sneeu te sien!- besonder spesiaal - ons sit met net ons koppe bo die water en gesels en lag.

By ons kampeerplek loop die springbokke en wei asook poue wat ons vermaak. Rose, Doug en ek gaan stap in die loop van die Olifantsrivier met die hoë rotskranse - pragtig mooi. Ons braai saans en dan gaan ons swem in die oordekte swembad. Woensdagoggend is Rose en ek al vroeg in die bad van Bathesda waar ons lengtes swem en gesels. Ons maak ontbyt



de luxe, waarvoor ons bygedra het en Doug is tog so handig as Chef; hy word hoogs aanbeveel as kampleier. Kamp afgeslaan, ry ons na Calitzdorp waar ons op Wilna se aanbeveling na De Krans wynkelder gaan om muskadel te proe en te koop.

Ons ry terug en draai links by die Gamkaberg Natuurreservaat waar die ander 4 dames, Jeannette, Thea, Annette en Eileen vir ons wag. Wat 'n fees toe ons by die Info kantoor kom en dié 4 teen die kop daaragter te sien stap. Ons rooi trok gaan ry eers 'n paar draaie en so sien ons die ander kampe, Sweethorn en Fossil Ridge voor ons by die kamp Tierkloof kom. Daar is plek vir 8 mense en die luuksheid sal ons net op foto's kan beskryf. Die ander wat met Eileen gery het, het reeds hul kooigoed uitgesoek. Ons was meer as gelukkig met ons s'n en toe die ander eindelik opdaag, was ons ook klaar geskrop. Dit is toe dat daar in die pragtige lapa gekuier word om Doug se vuur- alweer ons enigste doring wat wys hoe vuur gemaak word vir sy 7 rose - ons was beindruk!

Donderdagmôre was die dag van die groot stap op in die Tierkloof waar die mooiste rotsformasies ons begroet. Ons stap eers rustig, maar dan voel Annette en Thea hulle moet nou Turbo gaan. Eileen en Jeannette stap met Rose voor en Doug agter. Toe ons by die groot oorhang kom en 'n ent verder stap, sê Jeannette vir Rose en Doug "julle is soos resiesperde wat wil hol, laat waai!". Ons eet "lunch" en kuier in die winterson. Dan stap ons rustig en geselsend terug kamp toe. Met almal terug word daar gewas en geskrop in die buite stort of meer beskut. Almal om die vuur en al die gesellige praatjies maak alles so die moeite werd. Ons eet almal om een groot tafel en geniet van alles.

Vrydag moet ons weer suid en daar is baie planne om vir eers te gaan kyk na die Rooiberge- iets so baie spesiaal vir hierdie omgewing. Baie foto's word geneem en ons gaan na 'n gasteplaas in die Rooiberge en ontmoet Hanlie wat vir ons info gee. Ons wil

graag in 2014 weer daarheen en die omgewing beter leer ken. Die plek het selfs sy eie gatberg. Ons eet middagete op R62.

**WILMA**











## KEURBOOMS -NAWEEK – 12-14 JUNIE 2013


Om gaste van David en Jeannette by 'n privaat Reservaat op Keurbooms te wees was voorwaar 'n wonderlike ervaring. Om op hul stoep te sit, die walvisse, suikerbekkies en net die omgewing te waardeer was 'n voorreg - dankie daarvoor.
Na 'n vinnige draai by Graggs Craft centre en 'n heerlike visete by Peppermill restaurant het ons vertrek na 'n privaat reservaat. Pragtige stap deur die woud en dan die asemrowende uitsig oor die kuslyn tot by Robberg. Die allermooiste rotsformasies en ongerepte kuslyn was baie spesiaal. Na 'n heerlike braai, baie grappe en goeie nagrus was ons gereed vir Robberg Saterdagoggend. Beter weer kon ons nie hê nie.
Die paadjies is pragtig in stand gehou; goeie relings wat dit vir die ouer lede gerieflik maak en 'n spektrum van uitsigte wat Suid -Afrika se skoonheid in een staproete kan saamvat. Daar was fynbos in blom, robbe, walvisse en dolfyne wat baljaar, voëls wat sing en dan natuurlik die gekwetter van klublede wat elke oomblik geniet. Die hut is pragtig opgeknap nadat dit deur stormsee beskadig is. Om elke draai het 'n nuwe verrassing gewag - vanaf klein strandjies met rustige seemeeue tot die pragtige eiland met ruwe rotse en branders. Om dit te probeer beskryf……miskien sal dit beter wees om self te kom kyk. Die wonderlike dag is weer afgerond met 'n gesellige braai.
Sondagoggend het ons in twee groepe verdeel. Sommiges het die Keurboomsrivier op 'n bootjie aangedurf terwyl die ander groepie strandlangs na Arch- en Cathedral Rock geloop het. Weer eens die asemrowende rotsformasies met die grootste verskeidenheid van kleure in die formasies. Op pad terug het die wolke begin saampak en toe ons instap vir 'n Pizza het die hemel oopgemaak en dit heerlik begin reën. Voordat ons

in die pad geval het, het ons na die pragtige " triple concert" van Beethoven geluister wat hierdie naweek 'n fees vir alle sintuie gemaak het.

**EILEEN VAN DER MERWE**









## WINTERFUNKSIE 29 JUNIE 2013


Op n helder sonnige wintersdag het 'n groot groep lede besoek gebring aan die wynkelder HEROLD WINES. Sommige voertuie is die Montagupas oor terwyl die ander die Uniondale pad gery het. Die plaas, geleë aan die sonverligte noord front van Cradockpiek en die gereelde bergmis, ysige winters, ryp en soms selfs sneeu dra by tot koel somers wat uitstekende klimaatstoestande verleen vir 'n lang rypword seisoen. Die plaas word aan drie kante begrens deur 'n natuurreservaat en bied pragtige fynbosspesies en 'n ryk voëllewe .

Daar aangekom, is ons hartlik verwelkom deur die eienaar en wynmaker, Nico Fourie en sy vrou Maureen en genooi om 'n kort staproete te doen wat gelei het tot by die koppie wat ons moes uitklim om die Khoi-San rotstekeninge te aanskou wat in 2005 daar ontdek is toe indringerplante uitgeroei is. Baie van hierdie sketse se ligging was ongelukkig van so 'n aard dat ons nie daarby kon kom nie.

Terug by die kelder is ons in twee groepe ingedeel vir die toer. Nico het ons rondgeneem in die kelder, die proses van wynmaak verduidelik vanaf stap een en het die vele vrae rondom al die tenks, vate en ander toerusting breedvoerig beantwoord. Nadat die tweede groep rondgewys is, is ons na die proe- lokaal waar almal gretig nadergestaan het vir ietsie om die bloed warm te maak en ook wyn te koop. Met die eetlus nou aangewakker deur al die wynproe , het ons die eettafels beset. Daar was 3 geurige soorte sop om van te kies, tuisgebakte brode met konfyt en slaaigroente. Vir nagereg is mini suurlemoenskuimpies en melktertjies voorgesit wat opgevolg is deur kaas en beskuitjies. Dié wat nog plek gehad het, kon die ete afsluit met koffie en tee.

Dit was voorwaar ‘n heerlike en leersame uitstappie en ons hoop om weer iets soortgelyk te kan doen in die toekoms.

**HETTIE LOURENS**



**STAP BY HEROLD WINES**




**LEDE FLUKS BESIG OM IN TE SKEP**



## PAADJIE OOPKAP - AUGUSTUS 2013

Gedurende Augustus het ‘n paar van die Dinsdag-stappers met kapmesse en snoeiskêre opgedaag om van ons roetes oop te sny en kap. Die paadjies is dikwels gestap in die verlede, maar was so oorgroei dat ons nie meer daar kon kom nie. Kom ons maak dit ons doelwit vir 2014, deur op een of twee Dinsdagoggende per kwartaal, ten minste een paadjie skoon te maak.



**ROSE KUYPER**

Konsentreer op die mooi dinge
Wat nog in oorvloed in hierdie wereld
Oorgebly het
Dan sal jy die vrede van God ervaar
Wat alle verstand te bowe gaan

## SENIORS BYEENKOMS – 3 SEPTEMBER 2013

Die weer het nie saamgespeel vir hierdie geleentheid nie en daar moes vroegoggend reeds gereël word dat dit by Rose aan huis plaasvind eerder as in die Tuine.

Meer as 20 senior stappers het die bibberweer trotseer en opgedaag om mekaar weer eens te sien. Dié wat daar was, het almal nog ewe hups en gesond gelyk - Eddie, ons is almal bly dat jy weer op die been is. Mike het almal welkom geheet waarna Sarel met gebed die dag geopen het. Die tafel was oudergewoonte gelaai met watertand verversings en heel gou was almal daar doenig om 'n bordjie vol te laai. Daar is heerlik gekuier, geëet en tee gedrink.

Baie dankie aan Rose vir haar welwillendheid om haar huis beskikbaar te stel en al die ander wat mee gehelp het om die geleentheid genotvol te maak.





## TWEERIVIERE 13-15 SEPTEMBER 2013

Vrydagmiddag ry ses van ons die Langkloof in op pad na Peter en Erna se plaas net buite Tweeriviere, anderkant Joubertina. Dit is 'n mooi plaas wat grens aan die rivier, Tweeriviere met berge wat dit koesterend aan drie kante omvou.

Ons slaan tente op, drink koffie en eet tuisgebakte muffins en gaan sit later in die lapa met 'n bosvuur wat almal verhit en alles verlig. So kom braai ons twee "gidse" ook saam; Trevor en Mark woon in die omgewing en het ingestem om saam met ons te gaan stap en ons spreek af om hulle die volgende oggend om 7.30vm te ontmoet. Mark ry ons almal met Peter se klassieke ou Toyota Landcruiser aan na die Weivallei vanwaar ons sal begin stap.

Daar lê 'n berg tussen Peter se plaas en die vallei en ons wou probeer om bo-op die berge terug te stap na die plaas. Die vallei is groen en die berge rondom pragtig en ons is gereed om die bosse, grasse en klippe aan te pak na bo. Dit is steil op maar almal bereik die toppunt in goeie tyd en ons geniet die uitsig terdeë. Aan die suidekant van die berg kyk ons af op die Stormsrivier en aan tot by die see. Wanneer mens die Tsitsikamma-roete stap, kyk jy op na die berge. Nou kyk ons af en die opvanggebied is groter as wat mens besef; soveel valleie wat by die rivier aansluit. Dit is oorweldigend mooi om die omvang van die berge so te kan aanskou.


Die weer was besig om te verander en ons moes besluite neem. Drie besluit om terug te gaan na die voertuig toe terwyl vier van ons besluit om bo-op die berg te stap totdat ons op Peter se plaas kan afkyk. Dan sou ons besluit of ons ook moes omdraai. Die mis was egter nie gevaarlik nie en ons stap aan. Dit was ongelooflik om terselfdertyd na weerskante te kon afkyk met die opvanggebied vir die Tweeriviere aan die linkerkant en dié van Stormsrivier aan ons regterkant. So al met die rif langs hou ons

aan en soms klim ons nog hoër op. Geleidelik swaai die berge in na links, en ons begin afdaal na die plaas. Dit was 'n wonderlike stap met ongelooflike uitsigte. Na gebraaide vleis en brood, vars-gebak in Erna se buite-oond, kruip ons in ons tente vir 'n welverdiende slaap.

Sondag is ons rustig, eet ontbyt en wag op Trevor, Mark en twee van Erna se vriendinne om by ons aan te sluit. Ons stap rivier langs tot by die eerste waterval en aan tot by die tweede een. Dan is dit omdraai en terugstap , want sien ons wou gaan pizzas maak in die buite-oond - en glo my, dit werk!

So is die heerlikste naweek om , en ons moes die gasvryheid van Peter en Erna vaarwel toeroep met 'n uitnodiging en belofte van 'n volgende kuier in die toekoms.

**ROSE**









**DRAKENSBERG 28 SEP- 8 OKT 2013**

Winnie the pooh **WHAT DAY IS IT?**
Piglet : **IT IS TODAY**
Winnie: **IT IS MY FAVOURITE DAY!**

Dit was 'n uiteenlopende groep van 9 wat opgewonde Saterog-gend vertrek het na die Berg. In Jeff se Pajero, gedoop Bull-dozer was daar Lesley, Armien, Doug en Eddie. Arme Jeff. Be-halwe Lesley wat Jeff moes wakker hou het die ander gou-gou geslaap. In Salome se Lyfie ( 'n Ford Kuga ) was Sarel, Rose en Liz heeltemal op en wakker!

Reeds by die eerste stop het Doug oorgeglip na Lyfie. Rose het hom gevra om te kom help om 'n voël App op haar foon te laai. Soos tieners het hulle vir ure met die foon gesukkel, maar uiteindelik is die App afgelaai by Pumula.

Die groep het oorgeslaap by Camel Rock, 'n vakansie-oord net langs Lesotho grens naby Fouriesburg. Die akkommodasie was prima!.

Die volgende dag daag hulle in onweer op by Pumula, hulle *log cabin* akkommodasie vir die week. Pumula beteken rus. Die huisie is perfek geleë naby Champagne Castle Hotel en Monks Cowl wildernis area. Omdat die huis lank toegestaan het, ruik dit maar bedompig en Armien voel dat die hout se teerbehan-deling vir hom asma gaan gee. Maar later voel hy beter en die uitsig vanaf die sitkamer area is asemrowend. Dit is baie koud maar die groep maak vuur en kuier lekker saam.

Die volgende oggend toe hulle die slaapkamer se gordyne oop-maak is daar sneeu op Champagne Castle en Cathkin pieke! Die groep vertrek vroegoggend ywerig oor die Spinx tot by Blindman's Corner, reg onder hierdie pieke op 'n hoogte van 2100 meter. Die triestige weer van die oggend raak al beter en teen die middag kom die son uit. Die sneeu pieke wil net nie hulself ontbloot nie maar onder in die valley is dit wonderlik



om die voete van die draak te bewonder.

Die res van die week is hulle geseën met wonderlike sonskyn weer - swemweer! Dit was daarom lekker om op te stap in die Tugela Gorge waar waterpoele aanloklik smarag gekleurd was maar ysig koud. Dit is daar waar die *gorge* uitgesny is in klip - iets om te aanskou. Ook waar die amfiteater majestueus bokant jou uittroon met die skoorsteen aan die einde van die *gorge*. Deur die skoorsteen loop mens soos 'n krap of *Spiderman* teen die skuins klipwand om dieper in die *gorge* te kan inbeweeg. Drie van die groep, Sarel, Rose en Doug was selfs meer avontuurlustig en is teen die kettingleer uit waar hulle hulself in 'n nou klofie op-getrek het met draad, boomwortels en penne wat in die rotswande geanker is.

Dit was 'n goeie voorloper vir die kettinglere wat op Sentinel vir hulle gewag het want later die week was die plan om vanaf Senti-nel parkering uit te klim en tot bo op die escarpment in die rigting van Mount Aux Sources te gaan met die twee kettinglere.

Na Tugela *Gorge* het die groep dus 'n rusdag geneem om krag op te bou vir die groot stap tot bo op die Drakensberg. Daar word dus bietjie ingelê en besoek gebring aan die Valley Bakkery vir tee en croissants. Die berg is mos ook bekend vir sy roofvoëls. Die groep se besoek aan Falcon's Nest waar beseerde en siek voëls gereha-biliteer word en elke dag 'n roofvoël demonstrasie gedoen word, was een van die hoogtepunte van die week. Die passie van die twee eienaars was uitsonderlik. Hulle verduidelik dat 'n roofvoël in die eerste 16 dae van sy lewe sy identiteit vestig in dié van sy versorger. Van die voëls wat dus daar gekom het as pasgeborenes dink dat hulle mense is. Roofvoëls se vliegvernuf is asemrowend. Die vertoning is humoristies toegelig met die deelname van die pointer jaghonde.

Die groep is egter daar om te stap en kan daardie middag hulself

nie keer om weer te gaan stap nie. So ontdek hulle die lekkerste poel van die week. Die poel is groot en aanloklik naby die Sterkspruit waterval en selfs Liz, al is sy vrekbang, kan die poel nie weerstaan nie en sy swem vir die eerste keer in haar lewe in die veld in 'n poel.

Lyfie is ingewy oppad na Mount Aux Sources. Die oggend moes die groep al voor 5 opstaan op die klank van " opstaan kindertjies buite vlieg die vlindertjies" sodat hulle die 2 en 'n halfuur se ry na Witsieshoek kon aflê. Lyfie was op haar stukke want die grondpad vanaf Witsieshoek tot by Sentinel parkering was kwaliteit klippe op klippe, sand en *potholes,* maar Lyfie het die toets geslaag, net soos haar miesies, Salomé; 'n behoorlike toets vir bestuursvernuf. Dit was nog niks in vergelyking met die fisiese uitklim van lere nie. Die samehorigheid van die groep is optimaal gebou deur die lere.

Die ervare Sarel en Armien het die bangbroeke geinspireer tot bo. Vir Liz was dit 'n behoorlike inlywing as waardige Berg en Dal stapper! Bo op 'n hoogte van 3015 meter het dit gewys dat die inspanning die moeite werd was ; daar lê die wereld aan jou voete! Dit is amper heiligskennis om te dink daardie kranse van vroëer die week, die Amfiteater, is nou hul sitplek met die Duiwel se Tand as versiering - 'n gewyde ervaring!

Dit was Sarel se 5de keer bo op die berg en vir Rose 'n salige herontmoeting van ook verskeie kere voorheen en herinneringe van Dick. Lesley het nie opgegaan met die leer nie maar haar eie ontmoeting met roofvoëls en saligheid gehad. Vir Armien was dit 'n persoonlike oorwinning om so 'n hoogte nog op sy ouderdom te kon bereik.

Doug het telkens, waar 'n uitkykpunt aangedui word, gaan kyk. Vir hom was dit 'n hoogtepunt om onder die voet van majestueuse rotsformasies verby te stap en daarna op die afgrond te staan en op die rotse van netnou neer te kyk. Hy het self ervaringe van die verlede onthou en vir Rose, Liz en Salomé die grot gaan wys



waarin hy jare gelede oornag het.

'n Groep soos hierdie sou uitmekaar val as hulle nie 'n ordentlike leier het nie. Met Jeff as leier is omtrent elke dag afgesluit met 'n bier in die hand want *carbo loading* is nogal nodig vir sulke uitmergelende bergstappe! Die lang dag na die kruin is afgesluit met heerlike Spaghetti Bolonaise perfek voorberei deur Armien. As hy nie 'n Duitser was nie kon hulle sweer hy het Italiaanse bloed!

Die laaste twee dae van die stap was bietjie rustiger ook omdat die temperatuur tot in die dertigs gestyg het. Hulle kon nie anders as om in elke bergpoel lafenis te soek nie. In die Cathedral Peak area was vergesigte weer eens 'n wenner en die gedeeltes deur die koel woud areas was 'n lafenis.

Eddie kon nie aktief deelneem nie omdat hy 6 weke voor die stap sy enkel gebreek het en pas uit die gips was. Hy het saamgery na Witsieshoek en Cathedral Peak sodat hy darem ook deel kon wees van iets wat die groep ervaar het. Sy dadelkoekies was 'n absolute wenner. By Cathedral Peak het hy saam met Armien putt-putt gespeel. Nou nie regte gholf nie maar darem..Salomé moes behoorlik haar gholf-lus beheer want die groep het amper daagliks verby Champagne Castle Sport Resort se baan gery. Elke aand het die groep lekker gekuier - soms om 'n lekker kampvuur en soms om die etenstafel.


Vir Rose is die berg die beste! 'n Bordjie op die Cathedral Peak roete, verpersoonlik dit met 'n mannetjie op wat berg toe hardloop, terwyl die pyltjie die rigting weg van die berge wys. 'n Regte 'Rose'-bordjie.

Soos Armin se Spaghetti Bolonaise en Eddie se dadelkoekies, is die groep elke aand vergas met 'n ander sjef se dis; onder andere wildebees fillet, skaap en vark tjops, mexican hoenderbraai en 'n vis met spek braai - alles met slaaie en poeding. En dan nog 'n afsluitete van pizza en varknek, en wyn, in 'n restaurant.


Die hele stap is omvou deur die liefde van die Here en het deurslag gevind in die samesyn van die groep.


TODAY IS THE BEST DAY!  MY FAVOURITE DAY! 'n Gawe uit God se hand.

**SALOMé VAN WYK**









VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB

GEORGE